**10 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 130, 131**
**Fokusgedeelte: Psalm 131:1, 2**

**Vind tevredenheid by die Here!**

Ons leef in 'n tyd waarin dinge vir baie mense te veel word. Stres en spanning en depressie is deel van ons alledaagse spreektaal. Daarteenoor, as 'n mens Psalm 131 lees, kry mens die indruk van rus en kalmte. Die rus en kalmte van 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het.

Hoe kan ons ook daaraan deel kry? Die antwoord lê in vers 1: "Selfverheffing en hoogmoed is daar nie by my nie, Here. Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is."

Dawid besef sy kleinheid voor die Here en hy besef dat sekere dinge te hoog is vir hom. Hy besef daar is sekere dinge wat hyself nie kan doen nie, wat hy aan God moet oorlaat. Om te dink dat hy dié dinge sou kon doen, sou selfverheffing en hoogmoed wees. Daarom, omdat hy sy menslike beperkings besef, laat hy dit gelowig en rustig in God se hande.

As jy ook hierdie rus en kalmte wil ondervind, moet jy jou nie meer besorg maak oor dinge wat groot is in die oë van mense nie. Nee, jy moet besef die grootste dinge wat 'n mens moontlik kan doen, is om die Here te dien en om iets vir jou medemens te beteken.

Dink aan die groot dinge wat God vir jou in Christus gedoen het, dan sal jy jou nie meer moeg maak met wêreldse dinge nie, maar sal jy tevredenheid by die Here vind!

*Sing: Psalm 131:1, 2*

*Ds. HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)*